H.B. Thom.
191. T. 3 (33)

# KULTUUR EN POLITIEK

## OPENINGSREDE, ALGEMENE VERGADERING VAN DIE F.A.K.

## DEUR

## PROF. H.B. THOM

## (BLOEMFONTEIN, 10 JULIE 1979, 19h30)

Berlyn

Vyftig jaar gelede was ek student in Berlyn. My Burger het ek egter gereeld gekry. Daarin het ek gelees van die stigting van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings.

Ek was geïnteresseerd; ek was verheug. Want as jong student het ek reeds ernstig belanggestel in die kultuursake van die Afrikaner; en ek was my terdeë bewus van die behoefte aan so 'n federale liggaam. Immers, op die kulturele terrein het Afrikanerkragte verspreid en verbrokkeld gelê, en die diepe behoefte aan konsolidasie en koers het ons maar al te pynlik besef. - Min het ek toe kon weet dat dit later my voorreg sou wees om vir agtien jaar die voorsitterskap van die F.A.K. te beklee. Wanneer ek vandag aan dié jare dink, word ek my telkens weer bewus van 'n oorheersende gevoel van groot dankbaarheid.

min oor

Daar is nog maar min van ons oor wat die stigting van die F.A.K. vyftig jaar gelede met begrypende belangstelling gevolg het; daar is nog minder oor van dié wat aan die stigting persoonlik deel gehad het. Maar almal - dié wat destyds gehoor en verstaan het, dié wat self deel gehad het, en ook dié wat later gekom het - almal van ons kyk vandag terug oor 'n half-eeu van merkwaardige gebeure; en almal wat die ware sin daarvan begryp, sal saamstem: die manne wat in 1929 die F.A.K. gestig het, het het suiwer gesien; en dit is goed vir die Afrikaner - en goed

vir die hele Suid-Afrika - dat hulle mooi denkbeeld nie maar blote denkbeeld gebly het nie maar dinamiese werklikheid geword het.

Vordering in 50 jr.

Gedurende die afgelope vyftig jaar het die Afrikaner op kulturele terrein betekenisvolle vordering gemaak. Ons dink aan sy taal, sy kerk, sy onderwys, sy staats- en regeringsvorm, sy sakelewe, sy geskiedenis, sy musiek, en nog baie ander dinge. 'n Mens sou natuurlik nooit wil beweer dat dié vordering net aan die F.A.K. te danke is nie; inteendeel, daar is 'n groot verskeidenheid van kragte wat welslae moontlik gemaak het, maar die feit bly staan dat die F.A.K. op baie plekke op die voorpunt was, en dat hy 'n geesteklimaat help skep het waarin die Afrikanergedagte vrugbaar kon wortelskiet en gedy. Laat ons 'n bietjie nader na enkele voorbeelde kyk.

Voorbeelde Taal

Wie kan hom die handhawing, erkenning en verspreiding wat Afrikaans ondervind het, voorstel sonder die werk wat die F.A.K. gedoen het? Laat die twyfelaar maar kyk na die verslae wat gereeld voor F.A.K.-kongresse gedien het, en na bv. die treffende publikasie Afrikaans, Ons Pêrel van Groot Waarde, wat die Hoofbestuur in 1974 die lig laat sien het.

Onderwys.

Direk hierby sluit die onderwys aan. Naas ons Afrikaanse kerke was dit veral die F.A.K. wat hom vir die onderwys van die Afrikaner=kind in die stryd gewerp het. Hy het baie nou met die kerke saamgewerk. Hy het groot byeenkomste gereël, soos veral die volkskongres oor die taal en karakter van die onderwys wat deur duisend afgevaardigdes en ander belangstellendes in 1943 in Bloemfontein bygewoon is. En die F.A.K. het selfs 'n Afrikaanse

skool verskeie jare lank met private middele in Natal aan die gang gehou, toe 'n onsimpatieke Provinsiale owerheid nie bereid was om onderwys in die moedertaalmedium, en ooreenkomstig Christelike en nasionale beginsels van die ouers, toe te laat nie.

Musiek

Op die gebied van die musiek het die F.A.K. voortdurend aanmoe= digend en bewarend opgetree. Aan begaafde jong Afrikanerseuns en -dogters het hy beurse toegeken om hulle aanleg in musiek en sang tot ontplooiing te bring; en hy het besondere geleenthede in verband met bv. die volksmusiek gereël - veral die Kongres oor Volksmusiek op Stellenbosch in 1957 - waaruit positiewe blywende resultate voortgevloei het, o.a. die stigting van insti= tute of departemente van volksmusiek aan sekere universiteite. Bowenalles het die bekende F.A.K.-Volksangbundel ontstaan, wat dwarsdeur ons land 'n groot afset gevind het en by 'n menigte kultuurfunksies vreugde en luister aan die verrigtinge verleen. Hierdie liedereskat het inderdaad al soseer met die F.A.K. geassosieer geraak dat die volle titel vandag selde gehoor word: die koorleier sê nie: "Ons sing uit die F.A.K.-Volksangbundel" nie, maar gewoon: "Ons sing uit die F.A.K."; en die radio-omroeper verwys eenvoudig na 'n lied "uit die F.A.K.".

Sulke voorbeelde van die kultuurwerk van die F.A.K. kan oor-en-oor vermenigvuldig word, maar dis onnodig om verdere voorbeelde te noem. Ons weet dat die F.A.K. in die loop van vyftig jaar onverpoosd aan - en vir - die gees van die Afrikaner gewerk het, en dat sy arbeid seer seker nie sonder opvallende resultate gebly het nie.

By hierdie geleentheid wil ek meer bepaald 'n paar gedagtes uitspreek oor die onderwerp Kultuur en Politiek. Ek wil nie praat oor die min of meer afgesaagde kwessie van die misbruik - of beweerde misbruik - van kultuur vir politieke doeleindes nie, of andersom: van politiek vir kulturele doeleindes nie. Reeds by 'n ander byeenkoms het ek in hierdie verband my siening gestel, t.w. dat daar tussen kultuur en politiek geen absolute skeidslyn bestaan nie; dat alles wat met die welsyn van 'n mens se volk te doen het, kultureel of hoe ook al, politiek van aard is; maar dat die gewone partypolitieke aktiwiteite rakende kwessies van stryd tussen politieke partye, buite die kader van die volkskultuur val.

Ek wil nou eintlik oor iets anders praat, oor 'n verskynsel wat veral in die jongste dekades so in die stilte meer en meer na vore gekom het. Ek wil my bloot by die feite bepaal, want per slot van rekening is niks so verhelderend soos basiese feite nie.

Dit is opmerklik dat die politieke partye van die Afrikaner in baie hoë mate as kulturele bewegings ontstaan en opgekom het. Trouens, in 'n vroeë stadium was kultuur en politiek vir die Afrikaner vrywel één: die kultuurband was ook politieke band, en die politieke band was ook kultuurband. Ons kan die stelling maak: taalgrens tussen die mense was kultuurgrens en kultuurgrens was grotendeels politieke grens, wat prakties daarop neergekom het dat taalgrens grotendeels politieke grens was.

Kyk maar na dr. D.F. Malan toe hy in 1915 die redakteurskap van Die Burger aanvaar en daarmee van die kansel na die politiek gegaan het. Hy was toe reeds 'n erkende Afrikaner-kultuurleier wat vir die helde van sy volk egte verering gehad het, wat vir

Hollands - en toe vir Afrikaans - met oortuiging geveg het, en wat in die hart gegryp was deur die broederstryd wat tydens en ná die Rebellie onder Afrikaners geheers het.

Gr: Rt.

In sy afskeidspreek aan sy gemeente op Graaff-Reinet sê hy op 13 Junie 1915: "Wat die omstandighede betref wat my daartoe gelei het om dié gewigtige stap te doen, daaroor is dit vir my onnodig om hier breed uit te wei. U sal my wil glo as ek sê dat, as die omstandighede waaronder ons volk verkeer, normaal gebly het, ek vir geen enkele oomblik daaraan sou gedink het om my op die breëre terrein van die volkslewe te begeef nie ..... Ek aarsel dan ook nie om te sê dat, as dit ons gegee mag word om die eenheid van ons volk herstel te sien, daar vir my geen groter vreugde sal wees nie as om my weer tot beskikking van die Kerk te kan stel".

Hoofart.

En in sy eerste hoofartikel in Die Burger, 26 Julie 1915, skryf hy: "... ons harte is geskeur en ons volkslewe is verbitter. Ons drink die waters van Mara .... Maar daar is onmiskenbare tekens dat die nasionale hart weer begin klop. Daar is 'n innige, byna hartstogtelike verlange by die volk ontstaan na die vroeëre, betere, gelukkiger dae toe hy hom nie geskaam het om hom 'n Afrikanervolk te noem nie ... Hierdie gevoel wil Die Burger versterk en lei. En hoewel hy onder die heersende omstandighede dit nie kan doen anders as in stryd en storm nie, tog wil hy dit nooit doen ten behoewe van 'n persoon of 'n party nie, maar alleen ter wille van die volk".

Dit is duidelik: Vir dr. Malan het dit hier om die Afrikanervolk gegaan; die belange van die volk het hy eerste gestel; sy

politieke arbeid sou in die diens van sy volk wees; sy politieke arbeid sou deur die belange van die volk begrens word; en hy het dit met woord en daad onomwonde aan die wêreld gesê.

ander voorbeelde

In die geskiedenis vind ons baie voorbeelde van beweginge waar kultuur 'n bepalende faktor was en kultuur en politiek 'n onlos= maaklike eenheid gevorm het. Ons dink aan die Afrikanerbond in die Kaapkolonie, wat op besliste Afrikanergrondslag ontstaan en onder die leiding van Onze Jan Hofmeyr 'n gewigtige faktor in die ou Kaaplandse politiek geword het. In dieselfde lig kan ook gesien word die beweginge die Oranje-Unie en Het Volk, wat ná die Tweede Vryheidsoorlog in die Vrystaat en Transvaal onder= skeidelik opgekom het. In die buiteland sou ons kultuurbeweginge kon noem - met name jeugbeweginge - wat gedurende die tweede helfte van die vorige eeu in verband met die vereniging van Duitsland en Italië 'n vername rol gespeel het.

Verandering.

Wat die kultuuraspek van 'n politieke vereniging of party betref, kom daar in die reël met verloop van tyd, d.w.s. na mate so 'n vereniging of party vordering maak, 'n sekere mate van verandering: in die lig van veranderende omstandighede moet die kultuuraspek dan opnuut oorweging geniet. Dit hang saam met die hele bestaan en wese van 'n politieke party, en sal uiteraard veral in 'n veelrassige land soos Suid-Afrika van betekenis wees.

Doelstellinge.

Om die juiste perspektief te behou, moet ons besef dat die doel= stellinge van politiek en kultuur in werklikheid nie identies is nie. Dit is vir die betrokke persone 'n gelukkige omstandig= heid as politiek en kultuur saamval, of minstens in 'n sekere tyd saamval, maar 'n mens kan nie verwag dat dit altyd só sal wees nie.

Pol. Party.

Die politieke party hou hom met die aktuele en fundamentele sake van die landsbestuur besig: hoe die veiligheid van die land die beste verseker kan word; hoe die materiële belange van die land en sy mense bevorder kan word; hoe harmonie tussen die verskillende bevolkingsgroepe bewerkstellig kan word; hoe die beste betrekkinge met die buiteland gevind kan word. Dit gaan in die reël om sake van die dag, sake wat regstreeks in verband staan met die welsyn van die inwoners en die aansien en invloed van die land.

Stemme.

Die party beywer hom om sy beskouinge ten aansien van hierdie sake te propageer en toegepas te kry; en om daartoe te kom, moet hy in die Volksraad die meerderheid verwerf. Dít weer kan hy net doen as hy by 'n verkiesing in die meerderheid van die kiesafdelings die meeste stemme kry. Vir die party gaan dit onder ons demokratiese stelsel dus primêr om die vermeerdering van die stemme wat vir hom uitgebring word. Dit is verstaan=baar, want as dit nie só was nie, sou 'n party nie in 'n posisie geplaas kon word om sy beleid, soos hy dit tot voordeel van die land ag, deur te voer nie.

Verantw. pol. leiers.

In die praktyk bring dit mee dat verantwoordelike leiers van 'n party, ofskoon hulle oortuigde kultuurmense mag wees, hulle woorde sorgvuldig moet tel om nie mense uit ander kultuurgroepe te vervreem nie. Dit is veral noodsaaklik wanneer 'n party op 'n vaste kern gevestig geraak het en dan verder wil uitbou. En as 'n party eers die meerderheid in die wetgewing verkry en die regering gevorm het, het dit vir hom des te meer noodsaaklik geword om nie mense te vervreem nie.

Naas die alledaagse politiek vind ons die kultuur. Dit is nie die verantwoordelikheid van die kultuur en kultuurorganisasies om die land te regeer nie; die kultuur maak nie wette vir ordelike saambestaan van mense in die land nie; die kultuur het nie die taak om wet en orde te handhaaf nie; die kultuur lê nie die grondslae van ons regspraak neer nie; die kultuur tree nie met regsbevoegdheid teenoor die buiteland op nie. Die kultuur en kultuurorganisasies het nie soseer met veranderlike sake van die dag te doen nie; hulle het te doen met die dieper, die grond=liggende dinge van die gees; dié dinge wat vir die volk onver=ganklike waarde het. Ons het hier te doen met dinge wat dieper, vaster lê as praktiese dinge van die dag.

Dit moet vir ons duidelik wees: politiek en kultuur is nie identies nie; taalgrens, wat kultuurgrens is, is nie altyd politieke grens nie.

Wat gesê is, sien ons in ons eie kontemporêre geskiedenis geïllus=treer. Dr. Malan wat hom so treffend op die Afrikaner-kultuur=standpunt gestel het, wat so onomwonde as kampvegter spesifiek vir die Afrikaner in die stryd getree het, het dit weldra duidelik gestel dat hy die politieke steun ook van andere verwelkom. En nadat hy op 26 Mei 1948 die algemene verkiesing gewen het, het hy in sy bekende radiorede o.a. verklaar: "Ons verheug ons oor die feit dat so 'n groot deel van ons Engelssprekende bevolking by die pasgehoue verkiesing saamgestaan het met hul Afrikaans=sprekende medeburgers in hul ondersteuning van ons aangekondigde beleid".

In latere tyd het hierdie gevoel in die ou party van dr. Malan

nog verder gegaan: ons het selfs partytakke gekry met voertaal Engels; partyleiers verwelkom dit; en, saam met hulle, seker ook alle regskape Nasionaliste. Maar terselfdertyd weet ons dat politieke leiers van vandag nie meer op 'n verhoog gaan om in dr. Malan se idioom van 1915 spesifiek vir die Afrikaner in die bres te tree nie.

Maar eerlik wees

Laat ons maar eerlik wees: Daar is vandag Afrikaners wat spyt het hieroor, Afrikaners wat hulle party as 'n party van Afrikaners wou gehou het, wat vrees dat on-Afrikaanse invloede van mense uit ander taal- en kultuurgroepe hulle party se egte Afrikaner-karakter sal ondermyn. 'n Mens mag sê dat hulle, wat die politiek betref, nie met die tyd beweeg het nie; maar ons sal moet toegee dat daar onder hulle ook goeie Afrikaners is, wat jarelank op die kulturele en politieke terreine onder hulle mede-Afrikaners leiding aangegee het. Daar is vandag by sommige van ons in mindere of meerdere mate 'n dilemma van kultuur teenoor politiek, soms heftig, en die vraag kom dan op: Wat staan ons - en wat staan die F.A.K. - onder hierdie omstandighede te doen?

Wat staan ons te doen?

Dit lyk my voor die hand liggend dat ons - ook die F.A.K. as sodanig - realisties sal moet wees en die onderskeie take en posisies van politiek en kultuur sal moet verstaan. En ons sal volwasse genoeg moet wees om die huidige toedrag geestelik te akkommodeer en dienooreenkomstig te handel.

Daarmee sal ons kultuurtaak nie makliker word nie, eerder moeiliker, groter. Want dis makliker om jou kultuurgoedere te bewaar en te vertroetel as jy die politiek ten volle saam met jou het; dis moeiliker wanneer taalgrens nie meer politieke grens is nie, en

jy moet oppas om nie stemme en kiesafdelings - en daarmee die mag om te regeer - inboet nie.

Terwyl die Afrikaner-kultuurmens hierdie feite verstaan en aanvaar, mag dit nie meebring dat hy in sy waaksaamheid en aktiwiteit verflou nie. Die F.A.K. sal die moeilike posisie van die politikus moet verstaan, maar hy sal inmiddels self nie met behaalde suksesse selfvoldaan kan wees nie, en hy sal met sy aanvaarde taak onverpoosd moet voortgaan.

Die politikus sal van sy kant ook weer begrip moet toon vir die posisie van die oortuigde kultuurmens en die F.A.K. Hy sal moet besef dat hy hulle ondersteuning moet soek en waardeer, want hulle gee aan hom 'n gesonde basis van Afrikanerskap en beweeg op 'n terrein wat hy nie so goed kan dek nie.

As kultuurmens en politikus mekaar nie verstaan nie, kan daar botsings tussen organisasies en botsings tussen indiwidue kom; en inderdaad ook botsings in die gees van dieselfde persoon, want die besliste Afrikaner-kultuurmens is gewoonlik tegelyk ook politiek-bewuste mens. Dit sal konfrontasie tussen gelykgesindes beteken; en Suid-Afrika sal aan die verloorkant wees.

Met die moeilike kultuurtaak wat op ons wag, gaan ons die F.A.K. vorentoe baie nodig kry, miskien nog nodiger as voorheen. Aandui= dings is volop dat daar vandag ernstige meningsverskille tussen erkende Afrikaners ontstaan, en dat die vernietigende skeuringe van die verlede miskien weer eens herhaal gaan word. Dit is hier waar die F.A.K. as dryfkrag onder gelykgesindes 'n onmisbare bydrae kan lewer; hy sal Afrikaners moet bymekaar hou, ook waar

hulle deur partypolitieke verskille uitmekaar gedryf word.

Ons hoor dikwels dat werk wat in belang van Afrikanereenheid gedoen word, 'n struikelblok op die weg van groter Suid-Afrikaner=skap uitmaak, m.a.w. dat die begrip van Afrikanereenheid strydig is met die begrip van Suid-Afrikanerskap. As dit só is, dan moet aanvaar word dat veel van die werk wat die F.A.K. tot nou toe gedoen het, in 'n sekere sin nutteloos en vir Suid-Afrika selfs skadelik was.

Teen so 'n simplistiese siening moet gewaak word. Laat ons in hierdie verband weer net vir 'n oomblik na dr. D.F. Malan verwys. Wat volkseenheid en die ware belange van Suid-Afrika aangaan, het hy in die eerste plaas gedink aan die Afrikaners, dus die mense wat verreweg die oudste en talrykste blanke bevolkingsgroep uitmaak. As blankes wat "deur innerlike oortuiging by mekaar hoort", bymekaar gebring word en bymekaar bly, dan word reeds 'n gesonde grondslag geskep waarop die welsyn van Suid-Afrika as geheel gebou kan word. Hier gaan dit vir hom primêr om 'n kulturele eenheid van mense wat saamgebind word deur bande van herkoms, taal en blywende geesteswaardes.

Naas - of ná - hierdie kulturele eenheid is daar vir dr. Malan die ruimer eenheid van Afrikaners en anderstaliges, wat mekaar in hulle gemeenskaplike liefde vir Suid-Afrika vind, en wat, vervul met hierdie gees, vir hulle gemeenskaplike vaderland die beste soek. Die tweede is by uitstek 'n staatkundige eenheid; dit is nie strydig met die kulturele eenheid van Afrikaners nie; dit word eerder deur die eenheid van Afrikaners nog meer versterk.

Hier het ons die beskouing wat die F.A.K. nou al vyftig jaar lank huldig en uitleef. Hy het onophoudelik en vreesloos in eie bodem gearbei, maar in die proses was hy nie vyandig teenoor die kultuurbesitttinge van ander nie, en het hy inderdaad respek daarvoor getoon. Maar hy het die kulturele eenheid van Afrikaners as 'n voorvereiste vir die welsyn van Suid-Afrika as geheel gesien. Daarom het hy Afrikaners vir Suid-Afrikaner=skap saamgebind; en nie ter wille van Suid-Afrikanerskap Afrikaners uitmekaar gedryf nie.

Politieke partye, wat met bestuursake, regeringsake, verskynsels van die dag, te make het, sal uiteraard 'n aansienlike element van soepelheid, aanpasbaarheid en veranderlikheid moet toon. Sommige partye is inderdaad self, soos ons ook al in ons eie land gesien het, van kortstondige betekenis. Maar kultuur, wat met die diepere patroon van die gees te make het, verander nie so maklik nie, en daarom sal daar by die aktiwiteit van die F.A.K. 'n groot mate van permanentheid wees. Ons kan voorsien dat, hoe ons politieke ~~opset~~ bedeling ook al mag verander, 'n liggaam soos die F.A.K. onbepaald nodig sal bly.

Al is taalgrens vandag nie meer politieke grens nie; al kan dit nie meer verwag word dat die politieke party van die Afrikaner hom net vir die kultuur van die Afrikaner sal verbind nie; - die taak van die F.A.K. het onveranderd gebly: hy sal in die toekoms - net soos in die verlede - nog steeds die beskermer en bewaarder van die Afrikaner se kultuurbesittinge moet wees en bly.

Die F.A.K. het rede tot groot dankbaarheid dat hy nou al jarelank sy werk kan doen in die gelukkige wete dat hy van die landsowerheid,

en van die grootste politieke party van die Afrikaner, begrip en samewerking kry. Hierdeur word 'n klimaat van goeie betrekkinge geskep wat vir kultuur en politiek, elkeen op sy besondere terrein, vrugbaar en bevorderlik is. Daarom is dit noodsaaklik dat veral nou, wanneer daar by sommige Afrikaners 'n mate van verset teenoor mekaar kom, gesonde begrip tussen kultuur en politiek gehandhaaf sal word.

Die F.A.K. het goeie rede om trots te wees op wat hy bereik het, d.w.s. as dit in sy aard gelê het om hom 'n gevoel van trots te veroorloof. Maar ons weet dat hy, instede dáárvan, 'n gevoel van nederige opregte dankbaarheid het vir wat hy in die loop van vyftig jaar kon doen. Van ons kant wil ons hom van ons hartgrondige dank verseker.

Saam met duisende ander deel ons in hierdie dae in die vreugde van die F.A.K. se halfeeu-fees. Ons wens hom sukses en seën toe met hierdie besonder indrukwekkende, verteenwoordigende kongres; ons bid die Here dat daar vanuit hierdie kongres gesonde leiding en blywende besieling mag uitgaan vir Afrikaners oor die lengte en breedte van ons land. – En veral krag tot geestel. eenheid.

\+ + + + + +

---

Open kongres.

---

\+ + + + + +

H.B. THOM

10 Julie 1979